1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
pietervanzyl82@gmail.com

OMSENDBRIEF 31 – 15 SEPTEMBER 2015

Geagte ouers

PERSONEEL:
Baie geluk aan Me. Foldrika Mamabola wat 16 September verjaar.

VOORLOPIGE DATUMS VIR KWARTAAL 3 VAN 2015

15 September	Sagtebal: kwarteind oorkruiswedstryde Rietondale Park
16 September	**WETENSKAP EKSPO GALA 18:00**
17 September	Sagtebal: Halfeind: Rietondale Park
19 September	Hokkie O/12 – Midstream Ridge Hokkie O/13 – Magalies Hokkie O/13 – CHC
22 September	**TOETS: EBW (GRAAD 7)** Sagtebal: Tshwane kampioenskap : Rietondale Park
23 September	Opvoedkundige uitstappie: Gr 1 : Die Plaaswerf : Irene SKOOL KOM 12:00 UIT
24 September	**ERFENISDAG**
25 September	**SKOOLVAKANSIEDAG**
28 September	**RAPPORTE UIT GF** Tennisliga
29 September	**GF OUERAAND**
30 September	Opvoedkundige uitstappie: Graad 3 : Dieretuin
1 Oktober	Opvoedkundige uitstappies: Graad 2 : Pioniersmuseum Graad 4 : Sammy Marks Graad 7: Cullinan myn GRAAD 7 SOKKIE
2 Oktober	**SKOOL SLUIT 11:00** Markdag Gr. 7
4 Oktober	**SKOOL VERJAAR 111 jaar oud**

WOENSDAG 23 SEPTEMBER 12:00
Aangesien 24 en 25 September skoolvakansiedae is, sal die skool Woensdag 23 September om 12:00 uitkom. Ons wil graag die personeel en leerlinge beloon vir hul harde werk met die voorbereidings vir die ANA eksamen (wat nie meer plaasvind nie) en die terrein wat netjies is. Tref asseblief vroegtydig reëlings en geniet die langnaweek wat voorlê.

RUGBYRAAI:
Raai die telling tussen Japan en Suid-Afrika met die Wêreldbeker reg en wen 'n prys. Ons het Rugbyraai-vorms uitgedeel. Die koste per lootjie is R5. Onthou asseblief om die vorm terug te stuur selfs indien u geen lootjie koop nie. Ons moet al die vorms terug kry teen Vrydag 18 September. Pryse wat gewen kan word is
Eerste prys: Maandpak vleis ter waarde van R740
Tweede prys: 'n Weekpak vleis ter waarde van R365
Derde prys: Een kilogram biltong ter waarde van R200.
Indien al die lootjies op die vorm verkoop is kan die leerling 'n pak skyfies ontvang.Die leerling wat die meeste lootjies verkoop kan R200 wen.

ALGEMENE JAARVERGADERING
Neem asseblief kennis dat die Algemene Jaarvergadering van die Beheerliggaam sal plaasvind op 2 November 2015 om 18:30 in die skoolsaal. Alle ouers word genooi om die vergadering by te woon. Tydens die vergadering sal die begroting van 2016 bespreek en goedgekeur word. Die begroting is vanaf 14 Oktober by die kantoor ter insae. Maak 'n afspraak by die kassiere indien u dit wil besigtig. Die goedgekeurde Jaarstaat van 2014 sal ook by hoof beskikbaar wees.

JNA/ ANA
Die Jaarlikse Nasionale Assessering gaan nie meer plaasvind nie. Ons wou graag skryf, aangesien die personeel en leerlinge baie moeite gedoen het met hul voorbereiding en ons wou bepaal of ons verbeter het. Skole is egter verbied om die vraestelle oop te maak. U begrip in die verband word waardeer.

VIDEO CLIPS:
Ons is op soek na enige video clips wat u het van skoolaktiwiteite. Indien u kan help daarmee stuur dit asseblief aan na hoof@daniemalan.co.za of stuur 'n afskrif op 'n DVD na die hoof. Ons wil graag 'n musiekvideo met video clips van die skool maak vir 'n kompetisie. Indien daar iemand is wat kan help met die saamstel van so 'n musiekvideo kan u die hoof kontak of epos.

BOK-KOORS:
Die leerlinge mag op Vrydae (solank die Springbokke in die wêreldbeker is) 'n Springboktrui of iets groen aantrek om hul ondersteuning vir die Springbokke te wys. Dit is nie nodig om spesiaal 'n hemp daarvoor te koop nie. Die leerlinge mag reeds Vrydag 18 September wys dat hul bloed groen en goud is!

VERBETERINGS: GEBOUE EN TERREIN
Ons is besig om die dakke waterdig te maak en dit sal later geverf word. Ons gaan ook in die vakansie die dogters se speelgrond (Suid) gelykmaak en nuwe gras plant. Daar is ook heelwat ander projekte waarmee ons besig is om die terrein te verfraai. Ons is jammer vir die ongerief wat dit veroorsaak en ook dat dit op die oomblik nie baie mooi lyk nie. Ons glo dat die eindproduk dit als die moeite werd sal maak. Ons gaan ook in Oktober begin om CCTV kameras in die Grondslagfase klasse te installeer en ook ekstras kameras op die terrein. U begrip in die verband word waardeer.

GRAAD 6 LEIER AANSOEVORMS
Die Graad 6 leerlinge sal leier aansoekvorms ontvang wat hul moet voltooi en voor of op 1 Oktober by mnr. Venter moet inhandig. Die leerlinge doen aansoek om 'n leier te word.

AFWESIGHEDE EN VROEG UITTEKEN VAN LEERLINGE:
Ons neem met kommer kennis van leerlinge wat al hoe meer uit die skool gehou word sonder grondige redes asook leerlinge wat self nie skool toe kom nie. Tref vooraf per brief reëlings met die voogonderwyser indien u kind vir 'n paar dae nie in die skool gaan wees nie. Voorsien 'n doktersbrief indien u kind siek was. Moenie vakansies gedurende skooltye beplan nie. **Leerlinge wat afwesig was, moet self sorg dat hulle die werk inhaal wat hulle verloor het.** Kinders wat gereeld afwesig is, sukkel met sosialisering, met skoolwerk en ontwikkel skeidingsangs. Ons sal ondersoek instel indien 'n leerling na drie dae sonder 'n geldige verskoning afwesig was, en na tien dae die CMR en Distrik en Polisie inlig sodat 'n volledige ondersoek geloods kan word. Indien 'n kind vir tien dae afwesig is sonder 'n geldige verskoning sal die kind van die register verwyder word, en moet her-aansoek doen. **Indien 'n kind afwesig is met 'n toets/eksamen moet 'n doktersbrief ingehandig word by die betrokke onderwyser. Waak ook teen die tendens om u kind onnodig vroeër te kom uitteken. Laat weet asseblief die klasonderwyser indien u kind in die hospitaal opgeneem is of ernstig siek is. 'n Leerling wat vir 40 dae in die jaar afwesig is, sal daardie jaar moet herhaal.**
Neem asb kennis dat u kind tot 09:30 by die skool moet wees, anders word hy/sy afwesig gemerk en u moet 'n geldige rede gee.

AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 31/2015

Ek, _____ouer of voog van _____ in Gr. _____/_____ neem kennis van Omsendskrywe 31 van 2015.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 31 – 15 SEPTEMBER 2015

BAIE BELANGRIK!
VOORLOPIGE NOVEMBER – DESEMBER DATUMS:

- Eksamens sal plaasvind vanaf 18 November tot 2 Desember.
- Graad 7: Die Bela–Bela afsluiting vind plaas op Vrydag 13 November en die Kerkafsluiting op Vrydag 27 November om 10:30. Neem ook kennis dat die einde van die jaar se eksamen 60% van die Graad 7's se jaarpunt tel.
- Graad 3: Skryf 'n Nasionale vraestel in Wiskunde en Engels van 30 November tot 2 Desember, en sal vir Rapport tel.
- Graad 4 – 6: Skryf 'n Nasionale vraestel in Wiskunde, Engels en NW/TEG van 30 November tot 2 Desember. **NB! Dit is al vraestel wat tel vir die Rapport. (Eksamen)**
- Graad 4 – 7: Sport, leierskap en Kultuur Merietefunksie vind plaas op 12 November. Die Akademiese Merietefunksie vind plaas op 7 Desember na afloop van die eksamen, aangesien kwartaal 4 se punte ook in berekening gebring word.
- Graad 1-3 het net een Merietefunksie op 11 November.
- Rapporte word op 9 Desember tussen 07:30 en 10:00 uitgedeel.

EIENAARSKAP:

Ons benodig 'n yskas vir die Broodjie-huis waaruit ons pap vir ons behoeftige leerders gee in die oggende. Dit kan 'n tweedehandse yskas ook wees. Ons benodig ook iemand wat ons skool se wasmasjien kan herstel. Indien u kan help kontak die hoof of epos na hoof@daniemalan.co.za. Dit is deel van 'n projek wat bekend staan as die "Eienaarskap-projek. Die projek wil poog om die skoolgeboue, toerusting en terrein te verbeter en om die leerders en ouers, as mede eienaars en gebruikers, deel te maak van die proses.

BARNYARD VERTONING:

Die Graad Sewes het weer 'n fondsinsamelings geleentheid.
Vrydag 25 September 2015
Plek: Barnyard
Koste: R70 per persoon
Tyd: 20:00
Vertoning: 50 Carat Gold – "The 50 Greatest Songs of All time"
Kaartjies is beskikbaar by die kantoor.
Ons sal dit waardeer indien u hierdie geleentheid sal ondersteun. Die kaartjies vir die vertoning kos gewoonlik R170.

OUERS WAT OMGEE – BIDGROEP:

Daar is Woensdae om 07:15 'n bidgroep wat bo in die losie bymekaarkom. Die groep ouers bid vir ons leerders, skool, gemeenskap en spesifieke sake wat onder hul aandag gebring word. Ons sal bly wees indien daar nog ouers is wat by die groep wil inskakel.

ONBEKENDE DEPOSITO'S:

Die verwysings van die volgende elektroniese betalings wat ons ontvang het, is onbekend. Indien u enige van hierdie betalings gemaak het kontak asb. vir Annelize by die finansiële kantoor om die nodige regstelling aan te bring.

Datum	Verwysing	Bedrag
2015/06/01	Advertensie omsendbrief	R620

SAGTEBAL:

Op 8 September speel ons 2 wedstryde en wen 2. Die uitslae is soos volg:
Die O/11seuns wen 8 – 5. Die beste kolwers was Rynhardt van Rensburg en Corné Kruger.
Die O/13 seuns wen 16 – 2. Die hele span het hul goed van hul taak gekwyt.
Op 10 September speel ons 7 wedstryde: Ons wen 5 en speel 1 gelykop.
Die O/10 seuns wen 10 – 8. Die hele span het saam hard gewerk.
Die O/11 seuns wen 9 – 0. Die hele span se veldwerk was uitstekend. Die beste kolwers was Rynhardt van Rensburg en Tshepang Mamabolo.
Die O/13 seuns wen 6 – 4. Die beste kolwer was Stephan Chambers en die beste veldwerkers was Theo Malan en Divan Labuschagne.
Die O/10 dogters wen 17 – 2. Die beste kolwer was Samantha Jansen van Rensburg.
Die O/12 dogters speel gelykop 9 – 9.
Die O/13 dogters wen 8 – 5. Die beste kolwer was Amberlee Sutherland en die beste veldwerker was Simoné Kruger.
Baie geluk aan die spelers en die spanne!

HOKKIE:

Die hokkie-uitslae van wedstryde gespeel is soos volg:
Die O/12 wen teen Rooihuiskraal 1 – 0.
Die O/13 wen teen CBC 2 – 1.
Baie geluk aan die spanne!

TENNIS:

Die 1ste seuns span speel teen Stephanus Roos en wen 38 – 17.
Die O/11A meisies span speel teen Eduplex en wen 36 – 7. Baie geluk aan spanne. **Die Tennis skoolkampioenskappe vind nie dié week plaas nie, maar wel die week van 12 Oktober tot 15 Oktober.**

KRIEKET:

Die krieketuitslae is soos volg:
Die O/9B wen teen Curro Hazeldean. Die beste kolwer was Ruan Snyman en die beste bouler was Ben Jabo.
Die O/9A het teen Garsfontein gespeel. Die beste kolwer was Rohan Louw en die beste bouler was Hendrew Schoeman.
Die O/10 wen teen Garsfontein. Die beste kolwer was Zain Vorster en die beste bouler was Rudi Le Roux.
Die O/11 het teen Garsfontein gespeel. Die beste kolwer was Jadon O'Neil en die beste bouler was Ryan Cilliers.
Die O/12 het teen Garsfontein gespeel. Die beste kolwer was Bevan Labuschagne en die beste bouler was Shaun-Dee Gair.
Die O/13A het teen Garsfontein gespeel. Die beste kolwer was Roald Hattingh en die beste bouler was Zander Gouws.
Baie geluk aan die spelers en spanne!

GHOLF:

Met die Interne Gholfkampioenskappe vir leerlinge het die leerlinge soos volg presteer:
Kampioen: Dylan Mc Master
Tweede: Shaun-Dee Gair
Derde: Deleon Saaiman
Naaste aan die pen: Deleon Saaiman
Verste dryf: Rohan du Toit
Baie geluk aan die spelers.

LANDLOOP:

Vyf van ons atlete het Saterdag aan die S.A. Kampioenskappe in Middelburg gaan deelneem. Die volgende 4 atlete het uitstekend presteer:
Altjé Conradie O/8 1ste plek – SA KAMPIOEN!

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 31 – 15 SEPTEMBER 2015

Ashlee Jordaan	O/8	4de
Ricus Benadé	O/11	31ste
Dylan McMaster	O/13	42ste

Baie geluk aan dié atlete! Ons is trots op julle!

MNR EN MEJ DANIE MALAN:

Gr. R – 1: ***Mad Hatter: Eleanor de Wet***	**Gr. 2 – 3:** ***Mad Hatter: Wihen Conradie***
Dogters: Wenner: Voné de Meyer 1ste prinses: Cheyenne Pieterse 2de prinses: Mikayla Botha **Seuns:** Wenner: Jayden Vermaak 1ste prins: Henry Dearlove 2de prins: Keathan Swanepoel	**Dogters:** Wenner: Romart Henning 1ste prinses: Amoréy vd Merwe 2de prinses: Jeaneli de Villers **Seuns:** Wenner: Hendrew Schoeman 1ste prins: Sam Schoemen 2de prins: Tristan Tintinger
Gr. 4 – 5: ***Mad Hatter: Jaylene van der Lith***	**Gr. 6 -7** ***Mad Hatter: Izelle Fourie***
Dogters: Wenner: Jeane Bezuidenhout 1ste prinses: Angelique van Zyl 2de prinses: Paule-Blondelle Bangue Bangue Elombo **Seuns:** Wenner: Christiaan Taljaart 1ste prins: Tshepang Mamabolo 2de prins: Bongwe Phiri	**Dogters:** Wenner: Rozelle Hattingh 1ste prinses: Cezanne Pretorius 2de prinses: Kayla Kruger **Seuns:** Wenner: Marcel Schutte 1ste prins: Henzell Strydom 2de prins: Rohan du Toit

Baie geluk aan die leerders!

ELEKTRONIESE KAARTSISTEEM*:*
Die skool het nou 'n elektroniese kaartsisteem. Ouers kan enige betaling aan die skool dus met 'n debiet- of kredietkaart maak.

MERIETE TROFEES:
Trofees ontvang in 2014 se Meriete funksie moet gegraveer te-ruggestuur word skool toe.

LOSLITDAG:
Ons skool het 'n bedrag van R10 565.00 ingesamel op Loslitdag vir Alma skool, 'n skool vir gestremde leerders. Ons wil vir elke leerder dankie sê wat deelgeneem het aan die fondsinsamelings projek.

BELONING – VRYDAE 13:00:
Op Vrydag, 18 September 2015 verdaag die Gr 1-7 leerders om 13:00, omdat die terrein netjies was. Die Graad 5's help die week met die opruiming.

Vriendelike groete

H Smith
Hoof

HOëRSKOOL OVERKRUIN VERTONING:
Jay tree op 18 September by Hoërskool Overkruin. Ons het 400 kinderkaart jies gratis beskikbaar by die kantoor vir die wat belangstel.

NOORDELIKE PRETORIA ONTWIKKELINGSKEMA (NPOS)
SEPTEMBERMAAND PROJEK
Indien dit moontlik is, vra ons asb. dat elke kind 'n blikkie kos, en nie-bederfbare kos, gedurende September skool toe bring en by die kantoor inhandig. Elke blikkie kos maak 'n groot verskil in dié gesinne se lewens.